

**Vrydag 30 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 22:17a**

**Die biddende gees en die biddende kerk, op pad na die wederkoms**

Met die wederkoms van Christus eindig die geskiedenis van hierdie wêreld. Dan breek die Dag van die Here aan waarvan ons so baie in die Bybel lees. Dan kom alles tot stilstand. Dan lui daar geen wekker meer nie. Dan vertrek daar geen vliegtuig nie. Dan word geen bestellings geplaas en geen pakkies afgelewer nie. Dan word geen begroting meer opgestel nie. Dan is dit grafstil op die aandelebeurs. Dan lui daar nêrens 'n skoolklok nie.

Hierdie dag kan enige oomblik plaasvind. Daarom moet ons vra: Wat beheers ons lewe? Want die wederkoms van Christus is die enigste en beslissende gebeurtenis in God se Raadsplan wat nog moet plaasvind. Ons leef in die laaste dae. In die wêreld is dit die laaste ding waarmee rekening gebou word, dat dit alles skielik, vandag, môre, net verby kan wees. Vir die kerk van Christus behoort dit die enigste en die belangrikste te wees, die oomblik van onbeskryflike heerlikheid en finale verlossing.

Daarmee eindig ook die boek Openbaring. Nadat aan Johannes die dinge geopenbaar is wat gou moet gebeur, hoor ons tot drie maal die versekering uit die mond van Christus: "Ek kom gou." En tot twee maal hoor ons die gebed vanuit die kerk dat dit tog moet gebeur. Elke dag behoort ons die bede van ons fokusvers te bid. Want ons is die Bruid van Christus. In die ou Ooste was die verlowing net so sterk soos die huweliksband self. Reeds in hierdie stadium was die vrou die eiendom van haar man. Al wat nog ontbreek het, was die vreugde van die saamleef in die volle huwelik. So is ook die verhouding tussen Christus en sy kerk op aarde. Ons behoort aan Hom en die band is onverbreeklik. Maar ons mis nog die tyd wanneer ons vir altyd en volkome by die Here sal wees.

En nou is die wonderlike dat die kerk nie alleen staan in die gebed nie. Christus hoor die Gees en die Bruid sê: Kom. Die Heilige Gees bid saam met die kerk. Daarvoor het Hy gekom. Hy stu die hele geskiedenis na die einde. Hy bring alles tot vervulling. Hy lê die bruidsvreugde in ons harte. En Hy bid saam met ons. Wie of wat sal dan ooit die verhoring kan verhinder?

En dan spreek dit eintlik vanself : 'n Kerk en 'n gelowige wat met hierdie gebed leef, is gereed. Christus kan maar kom, enige oomblik. Is dit so met u? Hoe dikwels bid u hierdie gebed? As ons dit nie bid nie, hoe sal ons dit leef?

*Sing: Psalm 130-1:3, 4*

*Prof. CFC Coetzee (Callie) (emeritus)*